
# Vandag gaan ons saam dink oor die Nagmaal.

# Lees Markus 14:1-26 saam deur.




M A R K U S
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Baie keer, wanneer ons die Nagmaal in die moderne kerk vier, verloop dit so ordelik en klinies dat ons vergeet van die rou emosie, die drama en die geweldige spanning van daardie oorspronklike nag in Jerusalem.**

**Vandag wil ek julle herinner aan die vertrek waar Jesus en Sy dissipels gesit het. As ons ons verbeelding gebruik en instap in Markus 14, is daar twee spesifieke reuke wat in die lug hang. Twee reuke wat mekaar heeltemal weerspreek.**



**SOET & HEILIGE REUK**

**Die eerste reuk ontmoet ons in die aanloop tot die maaltyd, in vers 3.**

**Sy gee alles wat sy het vir haar Koning. Die hele vertrek word gevul met die ryk, soet reuk van nardusolie.**

**Sy bereken wat Jesus werd is — meer as alles wat sy besit.**

# STINK & DONKER REUK

**Maar feitlik onmiddellik daarna hang daar 'n ander, donker reuk in die lug. Die stink reuk van verraad. In vers 10 lees ons hoe Judas Iskariot na die priesterhoofde toe loop om Jesus te verraai. Hy bereken wat Jesus werd is — 'n handvol silwerstukke.**




Dink saam oor hierdie twee kontraste.
Wat staan vir jou uit?




**Wanneer Jesus die maaltyd voorberei, doen Hy dit doelbewus op die eerste dag van die fees van die Ongesuurde Brood, die dag waarop die Paaslam geslag word (v. 12).**

**Vir die Jode was die Pasga die belangrikste herinnering op hul kalender. Dit was die viering van die Eksodus — daardie nag eeue gelede toe God hulle uit slawerny in Egipte verlos het. Hulle het onthou hoe die bloed van 'n lam aan die deurkosyne geverf moes word sodat die oordeel van die dood oor hulle sou verbygaan.**

**Wat dink jy beteken dit dat Jesus die Nagmaal ingestel het op presies hierdie dag?**


Wat dink jy oor hierdie woorde van Jesus?
Wat beteken dit vir jou?
"Neem dit, dit is Mý liggaam."
“Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word."




**Daar is nog 'n waarheid wat ons moet raaksien in die aanloop na die instelling van die Nagmaal, en dit vind ons in verse 17 tot 21. Jesus sit saam met die twaalf aan tafel. In die antieke tye in die Ooste was die deel van 'n maaltyd die hoogste teken van vriendskap, lojaliteit en verbond. Om saam met iemand te eet en hom dan te verraai, was die ergste denkbare skande.**



***"18Terwyl hulle sit en eet, sê Hy: "Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai, een wat saam met My eet."***

***Dink oor wat Jesus hier sê... Dink oor die reaksie van Sy dissipels...***



**Maar hier is die diep waarheid van hierdie teks:**

**Jesus jaag hulle nie weg nie.**

**Hy wéét van Judas se planne.**

**Hy wéét van Petrus se verloëning.**

**Hy wéét die res van die dissipels gaan vlug as Hy gevangene geneem word.**

**Jesus bedien hulle almal steeds. Sy liefde en die instelling van die Genadeverbond word nie verhinder deur hulle ontrouheid nie.**

Soms weerhou mense hulleself van die Nagmaal omdat hulle voel hulle is "nie goed genoeg nie." Maar die teks wys vir ons: Jesus nooi nie perfekte mense na Sy tafel toe nie.

As perfeksie die vereiste was, sou daardie bovertrek daardie nag leeg gewees het.

Jesus nooi juis mense wat weet dat hulle broos is, wat weet dat hulle foute maak, wat soms in hul harte die Here verraai met hul dade. Hy nooi ons sodat Sy genade ons kan heelmaak. Die Nagmaal wat ons vier, is nie 'n beloning vir goeie gedrag nie; dit is 'n herinnering van Genade vir sondaars.

22Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit
gebreek en vir hulle gegee met die woorde: "Neem dit, dit is my liggaam."
23Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir
hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. 24Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed
waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word. 25Dit verseker
Ek julle: Ek sal nie weer wyn drink nie tot op daardie dag wanneer Ek die nuwe wyn in
die koninkryk van God sal drink."



# MARKUS 14:22-25


Dink oor wat die Nagmaal vir jou beteken.
Ons het almal al die Nagmaal saam gevier.
Gesels oor die Nagmaal en wat jy beleef wanneer jy die Nagmaal saam met ander gelowiges vier.


Die gedeelte sluit af met vers 26, met 'n sinnetjie wat ons baie maklik mislees:
*"Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe."*
Hulle het die Pasgamaaltyd afgesluit, en die tradisie was om die sogenaamde '*Hallel*-psalms' (Psalms 115 tot 118) te sing.

Ek wil hê jy moet jouself indink in hierdie oomblik. Jesus staan op van die tafel af. Hy weet presies wat voorlê. Hy weet Getsemane wag, waar Hy bloed gaan sweet van angs. Hy weet die sweep slae, die spykers en die kruis wag. Die donkerste nag van Sy lewe is minute ver.

En wat doen Jesus? Hy sing.




**Hy sing saam met Sy dissipels. En dink aan die woorde wat op Sy lippe moes gewees het terwyl Hy hierdie Psalms sing.**

Psalm 116:13: ***"Die beker van verlossing sal ek oplig en die Naam van die Here  aanroep."***

Psalm 118:22: ***"Die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword."***

Jesus sing nie as 'n slagoffer wat jammer is vir Homself nie. Hy sing as 'n Oorwinnaar! Hy weet die pad vorentoe is donker, maar Hy weet ook dat die opstanding aan die ander kant wag. Hy sing te midde van die skadu van die dood, want Hy weet die finale oorwinning is verseker.




fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

# BYBEL MARATHON 2026

Bybel marathon

## 1 189 HOOFSTUKKE
## 4 DAE EN NAGTE

21-25 JULIE /
DE KAYAK, OLYMPIA /
WINDHOEK

PSALM 76:7

**MEER INFO:**
WWW.FRESHNAMIBIA-MARATHON.COM

ONS LEES DIE BYBEL HARDOP EN AANEENLOPEND VIR SOWAT 80 URE. KOM REGISTREER AS 'N LESER OP DIE BYBEL MARATHON WEBBLAD OF KOM ONDERSTEUN HIERDIE INISIATIEF. KOFFIE/ TEE & LIGTE VERVERSINGS DEURENTYD BESKIKBAAR.